RAPPORT, Loopbane
17 Nov 2013, p.3

Só werk trust vir kinders, gestremdes

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek kry gereeld navrae van lesers oor sogenaamde "spesiale trusts".

Eintlik is die naam bietjie misleidend. Daar is niks "spesiaals" aan so 'n trust nie. Dis maar doodgewone trusts, wat maar net "spesiale" behandeling met belasting kry. Dis die doel van die trust - die versorging van minderjarige of gestremde kinders - wat hom spesiaal maak, niks anders nie.

So 'n trust word gewoonlik testamentêr opgerig. In jou testament bepaal jy dat jy aan (byvoorbeeld) jou dogter (wat gestrem is) 'n bedrag geld bemaak vir haar onderhoud en algemene welsyn vir die res van haar lewe. Die geld word dan in trust gehou totdat sy sterf.

Daar is ander tegniese vereistes, onder meer wie om as trustees aan te stel, as jy wil seker wees dat daar ten volle aan jou wense voldoen sal word. As jy nie toegang tot 'n kundige het nie, stel ek voor jy gaan kyk op die webblad van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (fidsa.org.za) vir die naam van 'n spesialis in jou omgewing.

Jy kan natuurlik 'n kurator aanstel, of 'n familielid aanwys om na die dogter om te sien, maar 'n trust is beter. Daar is beheer ingevolge die trustreg en die meester van die hof sal 'n ogie oor sake hou.

Die belangrike punt met 'n trust, enige trust, is dat die bate nie aan enige persoon behoort nie, maar aan die trustee in sy hoedanigheid as trustee en daarom het jy regsekerheid dat die voordele die begunstigde (in ons voorbeeld die dogter) sal toekom en nie in een of ander persoon se sak sal beland nie.

Jy kan die bates nou reeds aan 'n bestaande inter vivos-trust bemaak, of soos genoem aan 'n testamentêre trust. Om nou 'n trust te skep, is heelwat duurder, want jy sal moet betaal vir die oprigting van die trust, asook belastings (byvoorbeeld geskenkebelasting en hereregte) met die oordrag van bates na die trust. 'n Testamentêre trust kos jou niks en die bates word soos enige bate by dood oorgedra.

As dit gaan om die versorging van 'n geestelik gestremde kind, is 'n testamentêre trust myns insiens die beste opsie. Dit sal vir die kind sorg vir solank as wat hy of sy lewe. By die kind se dood sal die trust ontbind en dit wat oorbly aan begunstigdes verdeel word, wat jy in jou testament kan aanwys.

Wat maak die trust "spesiaal"? Die Inkomstebelastingwet (wet 58 van 1962) maak voorsiening vir 'n kategorie belastingbetaler genaamd "spesiale trust". Só 'n trust word belas teen dieselfde koers as natuurlike persone op inkomste, wat laer is as die koers vir trusts (40%).

Die wet omskryf twee tipes "spesiale trusts". 'n Trust wat geskep word uitsluitlik tot die voordeel van 'n persoon wat lei aan 'n "geestelike siekte" soos omskryf in die Wet op Geestelike Gesondheidsorg (wet 17 van 2002), of 'n ernstige liggaamlike gebrek en so 'n persoon is nie in staat om inkomste te verdien vir self-onderhoud nie, of as so 'n persoon nie sy of haar eie sake kan hanteer nie.

Die tweede geval is 'n testamentêre trust wat geskep word vir die minderjarige naasbestaandes van 'n testateur, die sogenaamde "onder 21-spesiale trust". Die groot verskil in belastings is dat 'n "onder 21-spesiale trust" nie kwalifiseer as "natuurlike persoon" wat betref kapitaalwinsbelasting (KWB) nie, maar wel ten opsigte van inkomstebelasting.

Nico van Gijsen, CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000, of nico@finlac.com.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.